

HOOFSTUK 4: RANGKENTEKENS VIR SPESIFIEKE POS IN DIE VOORTREKKERS

1. INLEIDING

Hierdie reglement omskryf die rangkentekens wat in *Die Voortrekkers* gebruik word om spesifieke poste in *Die Voortrekkers* te onderskei.

2. BENAMING VAN SPESIFIEKE POS

Die posbenaminge in *Die Voortrekkers*, waarvoor spesifieke rangkentekens toegeken word, is: Hoofleier, Adjunkhoofleier, Gebiedsleier, Adjunkgebiedsleier, Oordleier, Adjunkoordleier, Streekleier, Kommandoleier, Adjunkkommandoleier, Veldkornet, Spanoffisier, Gebiedstaatmakerleier, Adjunk-gebiedstaatmakerleier, Groepleier en Adjungroepleier.

3. TOEKENNING VAN RANGKENTEKENS AAN VOLWASSE LEDE WAT IN 'N BYKOMENDE POS OPTREE

- 3.1 Bestuursliggame kan aan volwasse lede wat verkies of aangewys is om in enige ander pos as die hoedanighede vermeld in artikel twee (2) van hierdie hoofstuk op te tree, 'n rangkenteken toeken onderworpe daaraan dat die rangkenteken wat toegeken word laer is as die rangkenteken van die voorsitter van die betrokke bestuursliggaam, byvoorbeeld gebiedsdagbestuur, kan 'n gebiedskampleier aanwys en rangkenteken van oordleier toeken.
- 3.2 'n Volwassene wat verkies of aangewys is om as predikant of dokter op te tree vir 'n bepaalde bestuursliggaam, dra die rangkenteken van 'n veldkornet.

4. TERMYN WAT 'N PERSOON IN 'N BEPAALDE PORTEFEULJE KAN DIEN

- 4.1 Op Oord-, Gebied- en Nasionale vlak kan 'n persoon net twee termyne as leier of adjunkleier in dieselfde portefeulje dien, tensy vooraf magtiging deur 'n meerdere bestuursliggaam soos hierna omskryf, in buitengewone gevalle toegestaan word om 'n derde termyn vir verkiesing beskikbaar te wees as leier of adjunkleier in dieselfde portefeulje.
- 4.2 In die geval van Oorddagbestuur is dit die betrokke Gebiedsbestuur, vir Gebiedsdagbestuur is dit Hoofbestuur en vir Hoofdagbestuur is dit die Kieskollege van *Die Voortrekkers* wat in hierdie buitengewone gevalle magtiging verleen.
- 4.3 'n Adjunkleier op Oord- Gebied- en Nasionale vlak kan wel sonder vooraf magtiging 'n derde termyn in 'n ander portefeulje van die betrokke dagbestuur dien, met dien verstande dat 'n persoon 'n maksimum van drie termyne as adjunkleier in die betrokke dagbestuur kan dien.
- 4.4 'n Adjunkleier kan enige stadium tot leier van die betrokke dagbestuur verkies word, en dan geld dieselfde bepalings soos in 4.1 omskryf

5. VERVAL VAN RANGKENTEKEN

Die rangkenteken van 'n volwasse lid verval wanneer hy ophou om lid van *Die Voortrekkers* te wees of wanneer hy ophou om in die pos waartoe hy verkies of aangewys is, op te tree.

6. ANDER ORGANISASIES

Lidmaatskap van ander organisasies, wat nie in stryd met die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* optree nie, diskwalifiseer 'n persoon nie as kandidaat vir 'n amp in *Die Voortrekkers* nie.